



## HANDLEIDING OOR BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING

<b>Dokumentverw.</b>	6
<b>Weergawenr.</b>	7
<b>Bewaarder</b>	Regs
<b>Goedgekeur deur</b>	OPSCOM
<b>Intreedatum</b>	1 Februarie 2024

## **HANDLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000**

### **AANHEF**

Artikel 32 van die Grondwet van Suid-Afrika verskans die reg op toegang tot inligting wat deur openbare sowel as private liggame gehou word. Gevolglik is die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (die Wet) uitgevaardig om uitvoering te gee aan die reg op toegang tot inligting deur die wyse waarop toegang tot inligting van openbare en private liggame verkry kan word, uiteen te sit.

Aan die ander kant probeer die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPIA) uitvoering gee aan die reg op privaatheid in artikel 14 van die Grondwet, spesifiek soos dit met persoonlike inligting verband hou. POPIA herbevestig elke persoon se reg op dataprivaatheid en om hulle persoonlike data of inligting slegs vir 'n spesifieke en omskrewe doel te laat gebruik en nie sonder toestemming of 'n wettige doel aan derde partye te laat bekend maak nie.

In die balansering van die eise van die reg op privaatheid en die reg op toegang tot inligting, is daar beperkings op die publiek se uitoefening van die regte wat in artikel 36 en 14 van die Grondwet en artikel 33-45 van die Wet bepaal word, asook dié wat in POPIA uiteengesit word. Daarom sit die Wet die gronde uiteen waarop 'n openbare of private liggaam toegang tot inligting kan weier, terwyl POPIA die gronde uiteensit waarop persoonlike inligting ingesamel, gebruik en/of aan derde partye oorgedra kan word.

Artikel 10 van die Wet vereis dat die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) 'n maklik verstaanbare gids saamstel en publiseer om mense te help om toegang tot rekords en dokumente te verkry en hulle reg op inligting uit te oefen. Die gids, wat minstens een keer elke twee jaar bygewerk word, verskaf aan gebruikers die inligting wat nodig is om toegang tot enige rekords te verkry.

Benewens die artikel 10-gids, vereis die Wet dat openbare sowel as private liggame 'n handleiding saamstel met inligting oor hoe lede van die publiek die Wet kan gebruik om toegang tot hulle rekords te verkry.

Spesifiek artikel 14 van die Wet vereis dat elke openbare liggaam 'n handleiding in ten minste drie amptelike tale publiseer om inligtingversoekers te help om inligting van die betrokke liggaam te versoek.

Die Onafhanklike Reguleringsraad vir Ouditeure (die IRBA) is 'n openbare entiteit, soos beoog in artikel 14 van die Wet, en het hierdie Handleiding saamgestel in nakoming van daardie artikel en as 'n meganisme om publieke toegang tot inligting/rekord(s) in sy bewaring te fasiliteer.

Benewens bogenoemde hoop die IRBA om deur sy verbintenis tot die letter en gees van die Wet by te dra tot die bevordering van deursigtigheid, verantwoordingspligtigheid en doeltreffende korporatiewe bestuur in die openbare sektor.

## **A. BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET**

### **1. FUNKSIES VAN DIE IRBA [Artikel 14(1)(a)]**

Die IRBA is 'n regspersoon, gestig ingevolge artikel 3 van die Wet op die Ouditprofessie, Wet 26 van 2005 (APA).

#### **1.1 Algemene funksies**

Die IRBA het die mandaat ontvang om:

1.1.1 Stappe te doen om die integriteit van die ouditprofessie te bevorder, insluitende:

1.1.1.1 Instel van ondersoek na beweerde onbehoorlike gedrag;

1.1.1.2 Uitvoering van dissiplinêre verhore;

1.1.1.3 Toepassing van strafmaatreëls vir onbehoorlike gedrag; en

1.1.1.4 Doen van inspeksies.

1.1.2 Stappe te doen wat dit nodig ag om die publiek te beskerm in hulle handelinge met geregistreerde ouditeure (RA's).

1.1.3 Standaard van professionele bevoegdheid, etiek en gedrag van geregistreerde ouditeure voor te skryf.

1.1.4 Onderwys in verband met, en navorsing oor, enige aangeleentheid wat die ouditprofessie raak, aan te moedig.

1.1.5 Ouditstandaarde voor te skryf.

#### **1.2 Funksies oor die akkreditasie van professionele liggame**

Die IRBA, onderhewig aan die APA:

1.2.1 Skryf minimum vereistes vir die akkreditasie van professionele liggame voor, benewens dié wat in die APA bepaal word;

1.2.2 Oorweeg aansoeke om akkreditasie en besluit of sodanige aansoeke toegestaan moet word of nie;

1.2.3 Skryf die geldigheidsydperk van die akkreditasie voor;

1.2.4 Hou 'n register van geakkrediteerde professionele liggame; en

1.2.5 Beëindig die akkreditasie van professionele liggame in ooreenstemming met die APA.

### 1.3 Funksies met betrekking tot die registrasie van ouditeure

Die IRBA, onderhewig aan die APA:

1.3.1 Skryf minimum kwalifikasies, bevoegdheidstandaarde en vereistes vir die registrasie van ouditeure en kandidaatouditeure voor, benewens dié die APA voorsiening maak.

1.3.2 Oorweeg en besluit oor enige aansoek om die registrasie van ouditeure en kandidaatouditeure.

1.3.3 Skryf die geldigheids tydperk van die registrasie van geregistreerde ouditeure (RA's) en geregistreerde kandidaatouditeure (RCA's) voor.

1.3.4 Hou 'n register van RA's en RCA's;

1.3.5 Verseker dat die register van RA's en RCA's te alle redelike tye oop is vir inspeksie deur enige lid van die publiek.

1.3.6 Beëindig die registrasie van RA's en RCA's in ooreenstemming met die APA.

1.3.7 Skryf minimum vereistes vir die hernuwing van registrasie en herregistrasie voor.

### 1.4 Funksies met betrekking tot onderwys, opleiding en professionele ontwikkeling

Die IRBA:

1.4.1 Erken en/of onttrek sy erkenning ten volle of gedeeltelik aan die opvoedkundige kwalifikasies of programme of voortgesette onderwys-, opleidings- en professionele ontwikkelingsprogramme in die auditprofessie van opvoedkundige instellings en geakkrediteerde professionele liggame.

1.4.2 Erken en/of onttrek die erkenning van enige geakkrediteerde professionele liggaam om enige kwalifiserende eksamen soos beoog in artikel 37 van die APA of enige sodanige eksamens af te lê.

1.4.3 Skryf vereistes en voorwaardes voor wat verband hou met die aard en omvang van voortgesette onderwys, opleiding en professionele ontwikkeling.

1.4.4 Skryf opleidingsvereistes voor, insluitende maar nie beperk nie tot die tydperk van opleiding en die vorm van opleidingskontrakte.

1.4.5 Gee goedkeuring aan en registreer opleidingskontrakte wat deur voornemende geregistreerde ouditeure aangegaan is.

1.4.6 Skryf bevoegdheidsvereistes voor.

1.4.7 Erken of trek die erkenning van RA's as opleidingsbeamptes terug, hetsy voorwaardelik of onvoorwaardelik.

## 1.5 Funksies met betrekking tot gelde en heffings

Die IRBA skryf voor:

1.5.1 Akkreditasie-, registrasie-, registrasiehernuwings- en herregistrasiegelde.

1.5.2 Jaarlikse gelde.

1.5.3 Die datum waarop enige gelde betaalbaar is.

1.5.4 Die basis vir gerusstellingsgelde betaalbaar volgens die APA.

1.5.5 Gelde betaalbaar vir enige ander diens gelewer deur die IRBA (insluitende administratiewe gelde).

1.5.6 Die IRBA kan 'n vrystelling van betaling van enige gelde waarna hierbo verwys word, toestaan.

## 2. STRUKTUUR VAN DIE IRBA [Artikel 14(1)(a)]



## 3. KONTAKBESONDERHEDE VIR INLIGTINGSBEAMPTES [Artikel 14(1)(b)]

3.1 Die IRBA se HUB is ingevolge die Wet die reguleerder se aangewese Inligtingsbeampte.

- 3.2 Ingevolge artikel 17 het die IRBA sy Regsdirekteur as 'n Adjunkinligtingsbeampte aangestel, wat na versoeke om toegang tot rekords sal omsien.
- 3.3 As u 'n versoek om toegang tot IRBA-rekords wil rig, moet u versoek aan die Adjunkinligtingsbeampte gerig word. Eskalasies kan aan die Inligtingsbeampte gerig word.

**Inligtingsbeampte**

**Naam:** Imre Nagy

**Tel:** +27 10 496 0562

**E-pos:** [board@irba.co.za](mailto:board@irba.co.za)

**Adjunkinligtingsbeampte**

**Naam:** Rebecca Motsepe

**Tel:** +27 10 496 0605

**E-pos:** [paia@irba.co.za](mailto:paia@irba.co.za)

- 3.4 Alle navrae en/of versoeke moet gedurende werksdae en kantoorure gedoen word.
- 3.5 Die IRBA se Inligtingsbeampte en Adjunkinligtingsbeampte deel dieselfde fisiese en posadres.

**Fisiese adres**

Gebou 2

Greenstone Hill Office Park

Greenstone Hill

1609

**Posadres**

Posbus 8237

Greenstone Hill

1616

**Webwerf:** [www.irba.co.za](http://www.irba.co.za)

**4. GIDS INGEVOLGE ARTIKEL 10 VAN DIE WET [Artikel 14(1)(c)]**

- 4.1 'n Gids wat inligting bevat om u te help verstaan hoe om u regte kragtens PAIA uit te oefen ("die Gids"), is in al die Suid-Afrikaanse amptelike tale beskikbaar. Die Gids is tans beskikbaar op die volgende webwerf:

[https://inforegulator.org.za/wp-content/uploads/2020/07/PAIA-Guide-English\\_20210905.pdf](https://inforegulator.org.za/wp-content/uploads/2020/07/PAIA-Guide-English_20210905.pdf)

- 4.2 As u enige navrae het, of 'n afskrif van die Gids nodig het, kontak asseblief die Inligtingsreguleerder direk by:

**Die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika)**

JD House, Stiemensstraat 27, Braamfontein, Johannesburg, 2001

Posbus 31533, Braamfontein, Johannesburg, 2017

**E-posadres vir klagtes:**

[PAIAComplaints@infoeregulator.org.za](mailto:PAIAComplaints@infoeregulator.org.za)

**E-posadres vir algemene navrae:**

[enquiries@infoeregulator.org.za](mailto:enquiries@infoeregulator.org.za)

Kontaknommer: 010 023 5200

**5. PROSEDURES OM TOEGANG TOT INLIGTING/REKORDS TE VERSOEK [Artikel 14(1)(d)]**

- 5.1 Enige persoon, hetsy natuurlik of 'n regs persoon, kan ingevolge die Wet 'n versoek om toegang tot inligting rig.
- 5.2 Die versoeker kan 'n versoek namens hom/haar of namens enige ander persoon rig.
- 5.3 Die versoeker moet die voorgeskrewe vorm gebruik, hierby aangeheg onder Deel C en **Vorm 2** gemerk, om 'n versoek om toegang te rig.
- 5.4 Die versoek moet ten minste die volgende inligting insluit:

<b>INLIGTING VERLANG</b>	<b>BESKRYWING</b>
Besonderhede van die versoeker	Genoeg inligting oor die versoeker om te verseker dat die versoeker maklik identifiseerbaar is. Die inligting moet die versoeker se kontakbesonderhede insluit, d.w.s. <i>posadres, e-posadres, faks en/of telefoonnommer</i> .
Besonderhede van die rekord versoek	Genoeg inligting oor die rekord om dit redelik maklik te maak om te identifiseer.
Metode van toegang tot die rekord	'n Beskrywing van die vorm of wyse waarop die rekord verskaf of toeganklik gemaak moet word.
Manier waarop die versoeker van toegang in kennis gestel moet word	Die manier waarop die versoeker oor die besluit in verband met die versoek in kennis gestel wil word.
Taalkeuse	Die taal waarin die versoeker die verlangde rekord wil ontvang <sup>1</sup> .
Hoedanigheid van die gemagtigde persoon wat die versoek rig	Wanneer 'n versoek namens iemand anders gerig word, moet bewys gelewer word van die hoedanigheid waarin die versoek gerig word en/of magtiging om so 'n versoek

<sup>1</sup> Ondanks die voorkeurtaal wat aangedui word, sal die IRBA die rekord slegs in die gevraagde taal verskaf as die rekord in daardie taal bestaan.



	te rig.
--	---------

- 5.5 Versoekers wat nie kan lees of skryf nie, kan mondelinge versoeke aan die Adjunkinligtingsbeampte rig, wat Vorm 2 namens die versoeker sal voltooi.
- 5.6 Die versoek moet gerig word aan die Adjunkinligtingsbeampte, wie se kontakbesonderhede in paragraaf 3 hier bo uiteengesit word.
- 5.7 Die versoek kan met die hand afgelewer, gepos, gefaks word of per e-pos gestuur word.
- 5.8 Telefoniese en informele versoeke sal slegs aanvaar word ten opsigte van rekords soos uiteengesit in paragraaf 7 hier onder.
- 5.9 Die inligting op die voorgeskrewe vorm moet tot die bevrediging van die Adjunkinligtingsbeampte of Inligtingsbeampte verskaf word, en indien nie sal die versoek uitgestel word tot die inligting volledig is.
- 5.10 'n Versoeker moet die gelde ten opsigte van 'n versoek om 'n rekord soos uiteengesit onder Afdeling B betaal.
- 5.11 Nieteenstaande die versoekgeld betaalbaar ingevolge paragraaf 5.10 hier bo, kan daar van die versoeker, as toegang tot die gevraagde rekord verleen word, vereis word om bykomende gelde soos uiteengesit in Afdeling B te betaal vir die reproduksie, soektog na en voorbereiding van die rekords of transaksies wat verband hou met die rekord wat aangevra is.
- 5.12 Die Adjunkinligtingsbeampte sal die versoeker verwittig dat hy/sy die voorgeskrewe fooi (indien enige) moet betaal, voordat die versoek enigsins verder verwerk sal word.
- 5.13 Die Adjunkinligtingsbeampte sal die versoeker van die IRBA se besluit in kennis stel binne 30 dae ná ontvangs van die versoek, welke tydperk, met kennisgewing aan die versoeker, vir 'n verdere tydperk van hoogstens 30 dae verleng kan word.
- 5.14 Die tydperk waarbinne die Adjunkinligtingsbeampte die versoeker van die besluit moet inlig, sal onderhewig wees aan sodanige verlenging, bo en behalwe die tydperk genoem in paragraaf 5.13 hier bo, wat nodig mag wees om 'n derde party 'n kans te gee om verhoër te word aan die Adjunkinligtingsbeampte onder omstandighede waar die rekord wat aangevra is, betrekking het op daardie betrokke derde party.
- 5.15 Die tydperke wat deur die Wet voorgeskryf word, sal nie begin voor die Adjunkinligtingsbeampte en/of die Inligtingsbeampte tevrede is dat die versoeker alle tersaaklike inligting aan die IRBA verskaf het nie.
- 5.16 Nieteenstaande 'n versoek om toegang tot enige rekord gelys in paragraaf 6 hier onder, kan

toegang tot die gevraagde rekord, of enige deel daarvan, geweier word op die gronde wat in die Wet uiteengesit word.

## 6. ONDERWERPE WAAROP DIE IRBA REKORDS HOU EN DIE KATEGORIEË REKORDS WAT GEHOU WORD [Artikel 14(1)(d)]

Die IRBA hou die volgende rekords in sy besit:

### 6.1 Uitvoerend

ONDERWERPE	KATEGORIEË VAN INLIGTING
<b>Raad en Raadsvergaderings</b>	Besonderhede van Raadslede.
	Vergaderingagendas en vergaderingpakkette.
	Teenwoordigheidsregisters.
	Resolusies.
	Notules van vergaderings en notuleboeke.
	Menings verkry.
	Korrespondensie, memorandum, voorleggings.
	Gedragkode onderteken deur Raadslede.
	Verklaring van belange onderteken deur Raadslede.
<b>Oudit-Risikokomitee (ARMCO) en ARMCO-vergaderings</b>	Besonderhede van komiteelede.
	Vergaderingagendas en vergaderingpakkette.
	Teenwoordigheidsregisters.
	Resolusies.
	Notules van komiteevergaderings en notuleboeke.
	Menings verkry.
	Korrespondensie, memorandum, voorleggings.
<b>Bedryfskomitee (OPSCOM) en OPSCOM-vergaderings</b>	Besonderhede van komiteelede.
	Vergaderingagendas en vergaderingpakkette.
	Teenwoordigheidsregisters.
	Resolusies.
	Notules van komiteevergaderings en notuleboeke.
	Menings verkry.
	Korrespondensie, memorandum, voorleggings.

<b>Nuusbriewe</b>	IRBA-nuusbrief.
<b>Webwerf</b>	<b>Ledesoektog</b> – hoe om RA's en geregistreerde ouditfirmas te soek.
	<b>Regsake</b> – APA, dissiplinêre reëls, reëls in verband met onbehoorlike gedrag, Beleid in verband met uitstel van dissiplinêre verhore.
	<b>Ondersoeke</b> – hoe om 'n klag in te dien
	<b>Registrasie</b> – hoe om as 'n RA en as 'n firma te registreer, insluitende aansoekvorms, hoe om aansoek te doen om erkenning as 'n belastingpraktisyn, hoe om status na gerusstelling te verander.
	<b>Opvoeding en transformasie</b> – algemene inligting oor die pad om 'n RA te word en hoe om as 'n RCA te registreer, insluitende assesseringsbesonderhede en -regulasies.
	<b>Inspeksies</b> – besonderhede oor verskeie aspekte van inspeksies, insluitende administratiewe aangeleenthede, kommunikasie en Openbare Inspeksieverslae.
	<b>Ouditverklarings</b> – Status en gesag van ouditverklarings. CFAS Regsvoorskriftebeleid, ander ouditverklarings, blootstellingskonsepte, vergaderingsdatums, illustratiewe reguleringsverslae, kommunikasie en die strategie, bedryfspesifieke gidse, praktykwaarskuwings en inligting oor ouditgehalteaanwysers.
	Reëls in verband met onbehoorlike gedrag en die professionele gedragskode vir geregistreerde ouditeure (hersien 2014) en kommunikasie.
	Die Ouditlooptydreël, insluitende kommunikasie.
	Verpligte Ouditfirmarotasiereël, insluitende kommunikasie.
	Rapporteerbare Onreëlmatighede – Gids oor rapporteerbare onreëlmatighede (2006), templaattbriewe en kommunikasie.
	Nuus – verskeie items van belang, insluitende persberigte en elektroniese kopieë van IRBA News.
	Kontakbesonderhede vir die direktoraat.
Vereistes vir voortgesette onderwys, opleiding en professionele ontwikkeling – die 2014 Voortgesette Professionele	

	Ontwikkeling- (VPO-)beleid en die nuwe VPO-beleid.
	<p>Webblad van die Ouditontwikkelingsprogram (ADP), wat die volgende inligting bevat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die pad om 'n RA te word;</li> <li>• Die ADP-proses;</li> <li>• Assesseringsbesonderhede; en</li> <li>• Aansoekvorms.</li> </ul>
	Handleiding oor die akkreditasie-model van professionele liggame.
	Besonderhede van geakkrediteerde professionele liggame.
	Aansoekvorm vir die akkreditasie van professionele liggame.
	<p><b>POPI-wet –</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013</li> <li>• Regulasies met betrekking tot die beskerming van persoonlike inligting</li> <li>• Verwerkingskennisgewings: Raadsekretariaat-verwerkingskennisgewing; MH-verwerkingskennisgewing; Verkrygings- en Bemarkingsverwerkingskennisgewing; Verwerkingskennisgewing vir ouditeure en professionele liggame; Sekuriteitsverwerkingkennisgewing</li> <li>• Operateursooreenkomste</li> <li>• Datasubjekvorms</li> </ul>
<b>Elektroniese handleiding vir inligting vir geregistreerde ouditeure uitgereik deur die IRBA</b>	APA
	Veranderinge aan die akkreditasie-model en akkreditasievereistes.
	ADP
	Dissiplinêre reëls.
	Beleid in verband met uitstel van dissiplinêre verhore.
	Reëls in verband met onbehoorlike gedrag.
	Professionele gedragskode.
	Inspeksies.
	Ouditstandaarde, ouditeuretiek en rapporteerbare onreëlmatighede.

	Leiding oor die ondertekening van magtiging, benoemingskonvensies en skryfbehoeftes.
	Algemene omsendbriewe.
<b>Jaarverslae</b>	Inligting oor Raadslede en bestuursamptenare.
	Boodskap van die Minister van Finansies.
	Voorwoord deur die Voorsitter van die Raad.
	HUB se oorsig.
	Strategiese oorsig.
	Organisatoriese struktuur.
	Statistiek – RA's, leerlingrekenmeesters.
	Terugvoer van statutêre komiteevoorsitter.
	Geouditeerde finansiële jaarstate.
<b>Finansies van die IRBA</b>	Begrotings.
	Rekeningkundige rekords.
	Bestuursrekeninge.
	Register van vaste bates.
	Besonderhede van bankrekening.
<b>Verkryging/ Verskaffingsketting</b>	Boddokumente.
	Versoeke vir kwotasies en antwoorde daarop.
	Bodopeningsregisters.
	Notules van die bodkomiteevergaderings.
	Briewe aan onsuksesvolle bidders.
	Briewe van toekenning vir verskeie kontrakte.
<b>Administrasie</b>	Versekeringspolisse.
	Organisatoriese beleide.
	Huurooreenkomste.
	Belastingstatus van die IRBA en opgawes.
	Besonderhede van verskaffers van kontrakte vir verskeie dienste gelewer en lisensie-ooreenkomste.
<b>Biblioteek- en argiefmateriaal</b>	Gebonde kopieë van verskeie vaktydskrifte.
	Lêers wat inligting bevat oor wetgewing wat die IRBA of die beroep kan beïnvloed.

	Werklêers in verband met wysigings aan die APA, die Professionele Gedragskode en die Dissiplinêre Reëls.
	Diverse foto's van mense en plekke wat relevant is vir die IRBA se geskiedenis.
	'n Dun bundel oor die geskiedenis van die IRBA, soos gepubliseer op die 50ste herdenking van die PAAB.
<b>Mensehulpbronne</b>	Persoonlike besonderhede van individuele personeellede, salarisse en voordele betaalbaar, reiseise, dissiplinêre profiel.
	Pensioenfondsreëls.

## 6.2 Ondersoeke

<b>Klagtes</b>	Klagtes van beweerde onbehoorlike gedrag deur geregistreerde ouditeure en stawende dokumentasie.
	Korrespondensie tussen die IRBA en klaers.
<b>Ondersoeke</b>	Korrespondensie tussen die IRBA en RA's.
	Dokumente wat verband hou met ondersoeke.
	Interne dokumentasie.
	Klagstate.
	Oplegging van strafmaatreëls deur geldelike boetes.
	Fakture aan RA's vir geldelike boetes.
<b>Ondersoekkomitee</b>	Aanstellingsbriewe vir komiteelede.
	Besonderhede van die komiteelede.
	Vergaderingagendas en vergaderingpakkette.
	Teenwoordigheidsregisters.
	Notules van komiteevergaderings.
	Besluite geneem.
	Gedragskode onderteken deur Onderzoekkomiteelede.
	Verklaring van Belange onderteken deur Onderzoekkomiteelede.
<b>Afdwingingskomitee</b>	Besonderhede van die komiteelede.
	Vergaderingagendas en vergaderingpakkette
	Teenwoordigheidsregisters.

	Notules van komiteevergaderings.
	Besluite geneem.

### 6.3 Registrasie/Dissiplinêre verhore/Rapporteerbare onreëlmatighede en regsake

<b>ONDERWERP</b>	<b>KATEGORIEË VAN INLIGTING</b>
<b>Geregistreeerde firmas</b>	Geregistreeerde ouditeure gekoppel aan firmas.
	Aansoeke vir die registrasie van nuwe firmas en takke.
	Kontakbesonderhede.
	Korrespondensie.
	Praktyknommers.
	Aandeelregisters en -sertifikate.
	COR39's.
	Firma klassifikasie volgens ras, grootte en gerusstellingsstatus.
	Takke van firmas.
	Verklaring van gerusstellingswerk.
	Naamveranderinge van firmas.
	Statistiek inligting.
<b>Individuele RA's</b>	Firmas waar RA's in diens is en/of vennote is.
	Kontakbesonderhede.
	Registrasienuommers.
	Aansoeke vir die registrasie en die wysiging van die status na gerusstelling.
	Korrespondensie.
	Gerusstellingsstatus.
	Jaarlikse opgawes.
	Versoek vir die aanstelling van 'n RA deur 'n derde party.
	Ouderdom, ras, geslag en gerusstellingsinligting.
	Verandering van van.
	Statistiek inligting.
<b>Dissiplinêre</b>	Klagstate.

<b>prosesse</b>	Pleidoorie.
	Kennisgewing van verhore.
	Getuienisbundels.
	Korrespondensie tussen die partye.
	Interne korrespondensie.
	Openbaarmakings deur lede van Dissiplinêre Komitee.
	Verhoorbywoningsregisters.
	Uitkomste van verhore.
	Transkripsies van verhore.
	Notuleboeke.
<b>Dissiplinêre komitee</b>	Aanstellingsbriewe vir komiteelede.
	Besonderhede van die komiteelede.
	Vergaderingagendas (behalwe verhore).
	Notules van komiteevergaderings anders as verhore.
	Gedragkode onderteken deur lede van Dissiplinêre komitee.
	Verklaring van Belange onderteken deur lede van Dissiplinêre komitee.
<b>Voordoening</b>	Besonderhede van persone wat hulleself na bewering as RA's voordoening of vroeër voorgedoen het in stryd met artikel 41 van die APA, asook korrespondensie en dokumentasie wat daarmee verband hou.
<b>Rapporteerbare onreëlmatighede</b>	Besonderhede van alle rapporteerbare onreëlmatighede wat deur RA's aan die IRBA gerapporteer is ingevolge artikel 45 van die APA; en korrespondensie wat daarmee verband hou.
	Lys van belanghebbendes.
	Korrespondensie met belanghebbendes.
<b>Litigasie</b> [ <i>litigasie ingestel deur of teen die IRBA</i> ]	Hofstukke en -prosesse.
	Interne en eksterne korrespondensie.
	Getuienisbundels/-rekords.
	Hofuitsprake en/of -bevele.
<b>Regsake</b>	Verskeie regsmenings en navorsingsdokumente.
<b>Debiteure</b>	Memorandum van Opdrag.



	Fakture en state.
	Interne en eksterne korrespondensie.

#### 6.4 Onderwys, opleiding en professionele ontwikkeling

ONDERWERP	KATEGORIEË VAN INLIGTING
<b>ADP</b>	Beroepsleidingsinligting oor hoe om 'n RA te word.
	Aansoekvorms om op die ADP te registreer.
	Leiding oor die ADP.
	ADP-bevoegdheidsraamwerk.
	Geregistreeerde kandidaatouditeure.
	Toesiggeregistreeerde ouditeure.
	Kontakbesonderhede.
	Firmas waarin geregistreeerde kandidaatouditeure besig is om die ADP te voltooi.
	Relevante korrespondensie met geregistreeerde kandidaatouditeure.
	Aansoeke om registrasie.
	Bevestiging van voltooiing.
	Sesmaandelikse verslae en Portefeuljes van Bewyse (PoE's).
	Assessering van PoE's deur die paneel.
	Firmamoniteringsverslae.
	Beroepsleidingsinligting oor hoe om 'n RA te word.
	Aansoekvorms om op die ADP te registreer.
<b>Openbarepraktyk-eksamen</b>	Kandidate se uitslae (slaag/druip).
<b>Akkreditasie</b>	Akkreditasiemodel, insluitende die Bevoegdheidsraamwerk.
	Besonderhede van die geakkrediteerde professionele liggaam.
	Aansoekvorm vir akkreditasie.
	Aansoeke om akkreditasie en monitering van voorleggings deur professionele liggame.
	Relevante korrespondensie met professionele liggame.

<b>Voortgesette professionele ontwikkeling</b>	VPO-beleid (onderskeidelik die 2014- en 2020-beleid).
	Leiding by die VPO-beleid van 2020.
	Relevante korrespondensie met RA's wat gekies is vir die monitering van VPO.
<b>Opleiding</b>	Besonderhede van kandidate wat hulle opleidingskontrakte voltooi, of diegene wat dit voltooi het.
<b>Kritieke vaardighede</b>	Relevante korrespondensie met buitelandse burgers wat verband hou met hulle bevestiging van voorneme om te studeer om 'n RA te word, vir die doeleindes van visumaansoeke.
<b>Onderwyskomitee en subkomitees</b>	Aanstellingsbriewe vir komiteelede.
	Besonderhede van komiteelede.
	Vergaderingagendas en vergaderingpakkette.
	Teenwoordigheidsregisters.
	Besluite geneem.
	Notules van komitee- en subkomiteevergaderings.
	Gedragkode onderteken deur Onderwyskomitee en subkomiteelede.
	Verklaring van Belange onderteken deur Onderwyskomitee en subkomiteelede.

## 6.5 Inspeksies

<b>ONDERWERP</b>	<b>KATEGORIEË VAN INLIGTING</b>
<b>Individuele RA's en firmas</b>	Inspeksiedatums.
	Inspeksielêers.
	Inspeksieverslae.
	Risiko-/Sakeinligting.
	Inligting oor remediërende aksie.
<b>Werkswinkels oor inspeksies en ouditstandaarde</b>	Uitdeelstukke en skyfies.
<b>Inspeksiekomitee</b>	Aanstellingsbriewe vir komiteelede.

	Besonderhede van komiteelede.
	Vergaderingagendas en -pakkette.
	Bywoningsregister.
	Besluite geneem.
	Notules van komiteevergaderings.
	Gedragkode onderteken deur lede van die Inspeksiekomitee.
	Verklaring van belange onderteken deur lede van die Inspeksiekomitee.

## 6.6 Standaarde

<b>ONDERWERP</b>	<b>KATEGORIEË VAN INLIGTING</b>
<b>Ouditverklarings uitgereik</b>	Status en gesag van uitsprake en Regsvoorskriftebeleid.
	Komitee vir Ouditstandaardestrategie en lidmaatskap.
	IAASB Handboek van Internasionale Gehaltebeheer, Ouditering, Hersiening, Ander Gerusstelling en Verwante Dienste Uitsprake – Deel I, II en III.
	Suid-Afrikaanse Standaarde oor Gerusstelstudies.
	Suid-Afrikaanse audit- en gerusstelstudiepraktykverklarings.
	Gidse.
	Personeelauditpraktykwaarskuwings.
	Illustratiewe ouditeurs- en gerusstelverslae.
	Kommunikasie.
	Blootstellingskonsepte uitgereik vir kommentaar en kommentaarbriewe ontvang.
	<b>Etiekuitsprake uitgereik</b>
IRBA- Professionele Gedragkode vir Geregistreerde Ouditeure.	
Komitee vir ouditeursetieklidmaatskap.	
IESBA Handboek van die Internasionale Etiese Kode vir Professionele Rekenmeesters.	
Kommunikasie.	
Blootstellingskonsepte uitgereik vir kommentaar en	

	kommentaarbriewe ontvang.
<b>Rapporteerbare onreëlmatighede</b>	Gids oor rapporteerbare onreëlmatighede.
	Templaatbriewe.
<b>Komitee vir Ouditstandaarde (CFAS) en Komitee vir Ouditeursetiek (CFAE)</b>	Aanstellingsbriewe vir komiteelede.
	Besonderhede van komiteelede.
	Vergaderingagendas en vergaderingpakkette.
	Bywoningsregister.
	Besluite geneem.
	Notules van komiteevergaderings.
	Gedragkode onderteken deur CFAS- en CFAE-lede.
	Verklaring van Belange onderteken deur CFAS- en CFAE-lede.

## 6.7 Ander

<b>ONDERWERP</b>	<b>KATEGORIEË VAN INLIGTING</b>
<b>Verskeie rekords Gehou ooreenstemming met wetgewende vereistes</b>	Wet op die Ouditprofessie 26 van 2005, soos gewysig.
	Wet op Openbare Finansiële Bestuur 1 van 1999
	Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998, soos gewysig.
	Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997, soos gewysig.
	Wet op Vaardighedsontwikkeling 97 van 1998, soos gewysig.
	Werkloosheidsversekeringswet 63 van 2001, soos gewysig.
	Wet op Bydraes vir Werkloosheidsversekeringbydrae, No. 4 van 2002, soos gewysig.
	Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993, soos gewysig.
	Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging 53 van 2003, soos gewysig.

## 6.8 Inligting wat verband hou met POPIA

Ingevolge POPIA word daar van die IRBA vereis om aan datasubjekte<sup>2</sup> 'n beskrywing te verskaf van die persoonlike inligting wat ons verwerk, waarom dit verwerk word en met wie hierdie inligting gedeel mag word, welke besonderhede hier onder uiteengesit word:

### 6.8.1 Persoonlike inligting verwerk deur die IRBA

Die tipe persoonlike inligting wat deur die IRBA verwerk word, sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word.

Die IRBA sal aan datasubjekte bekend maak waarom die persoonlike inligting ingesamel word en sal die persoonlike inligting slegs vir daardie doel verwerk, wat gedoen word onder spesifieke en gedetailleerde verwerkingskennisgewings wat op die IRBA-webwerf gehuisves word.

Hier onder is 'n lys van die persoonlike inligting wat deur die IRBA verwerk word, insluitende die kategorie datasubjekte waaraan dit behoort. Die inligting wat in hierdie afdeling verskaf word, verwys na breë kategorieë inligting en is nie volledig nie.

<b>Natuurlike persone</b>	Name; kontakbesonderhede; fisiese en posadresse; geboortedatum; ID-nommer; belastingverwante inligting; nasionaliteit; geslag; vertroulike korrespondensie.
<b>Regspersone/ Entiteite</b>	Name van kontakpersone; name van regspersone; fisiese en posadresse en kontakbesonderhede; finansiële inligting; registrasienommers; stigtingsdokumente; belastingverwante inligting; gemagtigde ondertekenaars; besonderhede met betrekking tot die bestuur en eienaarskap van entiteite
<b>Buitelandse persone/ entiteite</b>	Name; kontakbesonderhede; fisiese en posadresse, finansiële inligting; geboortedatum; paspoortnommers; belastingverwante inligting; nasionaliteit; geslag; vertroulike korrespondensie; registrasienommers; stigtingsdokumente; belastingverwante inligting; gemagtigde ondertekenaars, besonderhede met betrekking tot die bestuur en eienaarskap van entiteite

<sup>2</sup> Die individu of regspersoon wat persoonlike inligting besit.

<b>RA's</b>	Natuurlike persone: name; kontakbesonderhede; fisiese en posadresse; geboortedatum; ID-nommers; belastingverwante inligting; nasionaliteit; geslag; vertroulike korrespondensie, diensgeskiedenis, kwalifikasies, kriminele gedrag en/of kriminele rekords
<b>Ouditfirmas</b>	Regspersone/entiteite: name van kontakpersone; naam van regspersoon; fisiese en posadres en kontakbesonderhede; finansiële inligting; registrasienommer; stigtingsdokumente; belastingverwante inligting; gemagtigde ondertekenaars; besonderhede met betrekking tot die bestuur en eienaarskap van entiteite
<b>Raadslede, bestuursamp-tenare, komiteelede, werknemers en verwante partye</b>	Name, kontakbesonderhede; fisiese en posadresse; geboortedatum, ID-nommer, geslag, swangerskap; huwelikstatus; ras, ouderdom, taal, onderwysinligting; finansiële inligting; diensgeskiedenis; naasbestaendes; kinders se name, geslag, ouderdom, fisiese en posadres; opinies, kriminele gedrag en/of kriminele rekords; welstand; eksterne kommersiële belange; mediese inligting
<b>Webwerf-eindgebruikers / Toepassing-eindgebruikers</b>	Name, elektroniese-identifikasiedata: IP adres; aanmelddata, koekies, elektroniese lokalisingsdata; selfoonbesonderhede, GPS-data

### 6.8.2 Deel van persoonlike inligting

Die IRBA kan persoonlike inligting aan die volgende potensiële ontvangers verskaf, welke lys nie volledig is nie:

- a) IRBA-direksie en -komitees;
- b) IRBA-bestuur;
- c) IRBA-werknemers;
- d) IRBA-operateurs;
- e) IRBA-belanghebbendes;
- f) IRBA- uitvoerende owerheid;

- g) Reguleerders en regeringsliggame; en
- h) Ander derdeparty-ontvangers

### **6.8.3 Oorgrens-uitruilings**

Die IRBA kan persoonlike inligting wat dit verwerk, openbaar maak aan enige van sy geassosieerde entiteite of derdepartydiensverskaffers buite Suid-Afrika met wie hy sake doen of wie se dienste of produkte hy kies om te gebruik, insluitende wolkdienste wat in internasionale jurisdiksies gehuisves word.

Persoonlike inligting kan ook bekend gemaak word waar die IRBA 'n wetlike plig of 'n wetlike reg het om dit te doen.

Die IRBA sal in hierdie verband skriftelike ooreenkomste probeer aangaan om te verseker dat ander partye aan die POPIA en die IRBA se vertroulikheid- en privaatheidsvereistes voldoen.

### **6.8.4 Algemene beskrywing van inligtingsekuriteitsmaatreëls**

IRBA gebruik gepaste, redelike tegniese en organisatoriese maatreëls om verlies van, skade aan of ongemagtigde vernietiging van persoonlike inligting en onwettige toegang tot of verwerking van persoonlike inligting te voorkom. Hierdie maatreëls sluit in:

- a) Brandmure;
- b) Virusbeskermingsagteware en opdateringsprotokolle;
- c) Logiese en fisiese toegangsbeheer;
- d) Veilige opstelling van hardeware en sagteware wat die IRBA-inligtingstegnologie-infrastruktuur uitmaak; en

Uitgekontraakteerde diensverskaffers wat gekontraakteer is om sekuriteitskontroles te implementeer en/of veilige rekordbergingsfasiliteite te verskaf.

### **6.8.5 Versoeke**

Datasubjekte het die reg om:

- a) die regstelling, skrap of vernietiging van hulle persoonlike inligting te versoek, op die voorgeskrewe vorm, welke vorm hierby aangeheg is onder Deel D en Vorm 2 gemerk is.
  
- b) beswaar te maak teen die verwerking van hulle persoonlike inligting op die voorgeskrewe vorm, hierby aangeheg onder Deel D en gemerk Vorm 1.

Enige versoek om toegang tot persoonlike inligting volgens die bepalings van POPIA, moet gerig word in ooreenstemming met die bepalings uiteengesit in hierdie PAIA-handleiding (Sien paragraaf 5 hier bo).

## 7. AUTOMATIESE OPENBAARMAKING INGEVOLGE ARTIKEL 15 VAN DIE WET

Die volgende kategorieë inligting is outomaties by die IRBA beskikbaar, sonder dat 'n persoon formeel toegang ingevolge die Wet hoef te versoek.

### 7.1 Uitvoerend

<b>Inligting</b>	<b>Koste</b>
Handleiding van inligting (elektroniese kopie)	Gratis
IRBA News	Gratis
Jaarverslae en Geïntegreerde Verslae	Gratis

### 7.2 Regsake

<b>Inligting</b>	<b>Koste</b>
Lidmaatskapregisters (uittreksel uit)	Gratis
Firmaregister (uittreksel uit)	Gratis
Briewe van bevestiging van registrasie	Gratis
Gids oor rapporteerbare onreëlmatighede en templaattbriewe	Gratis

### 7.3 Onderrig en opleiding

<b>Inligting</b>	<b>Koste</b>
Akkrediasiemodel	Gratis



Kandidategids tot ADP en die RA-loopbaan	Gratis
Bevoegdheidsraamwerk	Gratis
VPO-beleid en leiding oor die toepassing van die VPO-beleid	Gratis

#### 7.4 Standaarde

Inligting	Koste
Ouditverklarings en blootstellingskonsepte	Gratis
Etiekuitsprake en blootstellingskonsepte	Gratis

#### 7.5 Inspeksies

Inligting	Koste
Verslag van openbare inspeksies	Gratis
Inspeksiesiklusstrategie en -proses	Gratis
Ouditgehalteaanwysers- (AQI-)verslag	Gratis

### 8. BESKRYWING VAN DIENSTE BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK EN HOE OM TOEGANG DAARTOE TE VERKRY [artikel 14(1)(f)]

Die volgende dienste is vanaf die IRBA aan die publiek beskikbaar:

AFDELING	DIENS	HOE OM TOEGANG TOT DIE DIENS TE VERKRY
<b>8.1 Bestuur</b>	Bystand aan lede van die publiek oor hoe om verskeie publikasies van die Raad (bv. die Jaarverslag, die Geïntegreerde Verslag, IRBA News) te bekom.	Versoeke kan skriftelik gerig word; nader andersins die kantoor direk of verkry toegang daartoe op die IRBA-webwerf.

<b>8.2 Regsake</b>	Bystand aan lede van die publiek met navrae van 'n algemene aard in verband met die registrasiestatus van RA's en RA-firmas.	Navrae kan mondelings, persoonlik of per telefoon, gedoen word. Alternatiewelik kan navrae skriftelik gedoen word of inligting kan op die IRBA webwerf verkry word.
	Die vervolging van klagtes van onbehoorlike gedrag deur RA's.	Dissiplinêre verhore is oop vir die publiek. Datums van geskeduleerde verhore kan op die IRBA webwerf verkry word.
	Voordoeningklagte	Enige RA, firma, lid van die publiek, 'n vereniging of 'n organisasie mag 'n klag <b>skriftelik</b> indien as hulle glo dat iemand wat nie as 'n ouditeur geregistreer is nie, hom as sodanig voordoën.
	Bystand aan lede van die publiek met navrae van 'n algemene aard oor rapporteerbare ongerymdhede.	Persoonlike navrae kan mondelings gedoen word of skriftelike navrae per e-pos.
<b>8.3 Ondersoeke</b>	Bystand aan lede van die publiek met navrae van 'n algemene aard met betrekking tot die optrede van 'n RA.	Navrae kan telefonies of per e-pos gedoen word.

	Die ondersoek van klagtes van onbehoorlike gedrag deur RA's.	Enige lid van die publiek, 'n vereniging of 'n organisasie kan 'n klag teen 'n RA indien as hulle van mening is dat die RA aan onbehoorlike gedrag skuldig is. Dit moet by wyse van 'n oorspronklike beëdigde verklaring wees. Die klagtes word dan ondersoek en aan die Ondersekkomitee voorgelê, wat beraadslaag en uitkomste aan die Afdwingingskomitee aanbeveel. Die Afdwingingskomitee neem die finale besluite oor uitkomste wat dan aan die betrokke partye gekommunikeer word.
